SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 16 FEBRUARIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

INTERNASIONALE IEEE: AMATEURS PROBEER BELEIDMAKERS TYDENS SIMPOSIUM BEïNVLOED

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE TYDENS KRIEKET WêRELDBEKER-TOERNOOI

VERSKEIE GEBEURLIKHEDE IN DIE NABYE TOEKOMS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan news@sarl.org.za nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

INTERNASIONALE IEEE: AMATEURS PROBEER BELEIDMAKERS TYDENS SIMPOSIUM BEïNVLOED

Die volgende is 'n uittreksel uit Nuusbrief No 195 van die IEEE EMV-Vereniging wat via QNEWS verkry is waarvan ons gerus kennis kan neem.

In 'n kennisgewing en oproep vir voorleggings vir besprekings tydens die IEEE 2003 Internasionale Simposium oor EMV wat van 11 tot 16 Mei in Istanbul, Turkye plaasvind, het Peleg L Lapid, 4X1GP belangrike punte ivm amateurradio as 'n stokperdjie en sy plek in die radiofrekwensiespektrum beklemtoon.

Peleg skryf "Aan die begin van die 21ste eeu vind die radioamateurgemeenskap hulle in 'n nuwe situasie: politici en wetsgeleerdes neem die posisie van wetgewers oor radiodienste in internasionale en nasionale regulerende owerhede in. Hierdie goeie mense wat oor beperkte kennis van radiowetenskappe beskik, en onder politieke invloed van drukgroepe wat kennis kortkom, word maklik tot

gevolgtrekkings mislei, nie altyd gesubstansieërd nie, dat enige onnodige uitstraling skadelik is, dus maak hulle die gevolgtrekking dat daar geen plek vir radioamateurs in bewoonde gebiede is nie.

Aan die ander kant, is radioamateurs hier om hulle regte wat hulle van die Internasionale TelekommunikasieUnie (ITU), regerings en nasionale outoriteite verkry het, uit te oefen.

Die 2003 IEEE Internasionale Simposium oor EMV bied 'n platform en plek vir radioamateurs om byeen te kom, besprekings te hou en mense te beïnvloed wat betrokke is by navorsing in die EMV-veld van radiofrekwensiesteurings en -veiligheid sowel as met die raadgewers aan wetmakers wat verwag word om die simposium by te woon. Hierdie is heelwaarskynlik die laaste geleentheid om die betrokke en invloedryke persone te ontmoet voor die WARC 2003 wat gedurende Junie en Julie in Geneve gehou sal word.

Met begrip van die belangrikheid van die onderwerp het ons 'n spesiale komitee tot stand gebring om om die voorleggings betreffende radioamateurs en hulle bekommernisse wat genoem word te hanteer".

Peleg, 4X1GP, maak ook bekend dat beplanning aan die gang is om tydens die simposium 'n radiostasie op die terrein te bedryf.

Vir verdere inligting, besoek die simposium se webblad www.ortra.com/emc/2003.

Vrae kan aan Peleg, 4X1GP, Radioamateuraktiwiteitsko-ordineerder, gestuur word na lapid@netvision.net.il.

SPESIALE GELEENTHEIDSTASIE TYDENS KRIEKET WêRELDBEKER-TOERNOOI

Aan die Oakdaleklub is 'n spesiale geleentheidsroepsein, ZS03CWC, toegeken vir gebruik tydens die wêreldbeker toetsreeks wat in die Republiek van Suid-Afrika gespeel word.

Die stasie sal op alle bande vanaf 80 tot 10 m tot 23 Maart bedrywig wees. Luister asb uit vir hierdie stasie.

ZS-stasies kan QSL's stuur aan ZS03CWC, Posbus 2132, BELLVILLE, 7535, en DX-stasies kan dit stuur aan ZS1AU by QRZ.COM. Sluit asb 'n gefrankeerde koevert met u eie adres in vir 'n spesiale QSL-kaart wat na die 23ste Maart beskikbaar sal wees.

NUUS VAN OAKDALE AMATEURRADIOKLUB

Die populêre voorsitter van die Oakdale Amateurradioklub, Dave Perry, ZS1SG, is tans in die Panorama Hospitaal nadat hy 'n week gelede 'n 4-aar hartomleiding ondergaan het. Dave maak vinnig goeie vordering en behoort binnekort tuis te wees. Ons wens hom goeie gesondheid toe.

Tydens 'n goed bygewoonde AJV verlede Maandag is die Lid van die Jaar toekenning aan Dave gemaak.

'n Komitee bestaande uit die volgende lede is ook verkies: Dave Perry ZS1SG; Bernie Crockford ZS1BW; Dennis Maastricht ZS1DTM; Gerald Meneses ZS1GRM; Dave Reece ZS1DFR; Herbie Evans ZR1ABV; en Frank Daelemans ZS1CM, in die plek van Dennis Wells, ZS1AU wat nie beskikbaar was nie.

Sterkte aan die nuwe komitee vir sy dienstermyn.

VERSKEIE GEBEURLIKHEDE IN DIE NABYE TOEKOMS

DIE MEI-RAE

Die datum vir die eerste RAE in 2003 is Saterdag 17 Mei. Die rede vir die verskuiwing na 'n Saterdag is om dit vir skoliere en persone wat ver moet reis meer aanvaarbaar te maak. Die eksamen sal afgeneem word vanaf 09:00 tot 12:00. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 11 April.

Inskrywingsvorms is beskikbaar op die SARL-webwerf of kan vanaf die Nasionale Amateurradiosentrum bestel word deur vir Debbie te skakel by 011-675 2393.

Die inskrywingsfooi beloop R250-00. Hierdie bedrag sluit die eerste jaar se lisensiefooi asook die OKOSA-sertifikaat in.

DIE EERSTE INTEGNET VIR VANJAAR OP 23 FEBRUARIE AANGEBIED

In die eerste Integnetprogram van vanjaar wat op 23 Februarie aangebied word sal Dr John Champa, K8OCL, die voorsitter van die ARRL se Hoëspoed Digitale Netwerke en Multimedia werkgroep, ons vertel van die werking van sy groep en die ontwikkeling van die onlangs aangekondigde "Hinternet", 'n modus wat in staat is om gelyktydig oudio-, video- en dataseine te dra.

Die program sal vanaf 20:00 tot 21:30 die aand plaasvind en bo en behalwe die frekwensies wat normaalweg die program dra sal dit ook op die Johannesburg 145,650 MHz herhaler gedra word wat die herhaler is waarop integnet vir die eerste keer aangebied is..

Klubs wat aan die interaktiewe netwerk wil deelneem en hulle herhaler wil koppel moet 'n e-pos aan armi@sarl.org.za stuur met besonderhede van hulle herhalerdekking, frekwensie en telefoonnommer wat gekoppel moet word. Sit asb SARL INTEGNET2003 in die onderwerpblokkie.

MEGA-VLOOIMARK IN PRETORIA

Al die amateurradioklubs in Pretoria hou 'n gesamentlike vlooimark op Saterdag 8 Maart 2003. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die Suid-Kampus van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteit- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 09:00.

Almal, klubs en persone wat nie aan klubs behoort nie, is welkom. Kom besoek gerus die Mega-vlooimark in Pretoria. Skakel Almero ZR6RY by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u 'n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

'N ONTBYTRIT VIR RADIOAMATEURS OP MOTERFIETSE

'n Moterfietsontbytrit is gereël vir Sondag 2 Maart vir alle geïnteresseerde moterfietsryers wat ook radioamateurs is. Deelnemers ontmoet by die NARS om 07:30 en vertrek om 08:00 vir ontbyt by die Hartbeespoortdam. Belangstellendes moet asb vir Ray Webber by e-posadres zs6rsw@global.co.za of tel 082 491-8758 kontak.

SAATI VERGADERING

Die volgende vergadering van SAATI sal op Maandag 24 February 2003 by die perseel van die Pretia Amateurradioklub op die suidkampus van die Universiteit van Pretoria plaasvind. Dit sal 'n praktiese demonstrasie van die "Press 'n' Peel" metode wees om 'n gedrukte stroombaan te maak. Dit sal 'n klankkaart na radiokoppeling wees. Bou-onderdele sal ook beskikbaar wees. RSVP aan Louis Kruger ZR6ABC se e-posadres llk@mweb.co.za om jou plek te bespeerk.

Hierdie bulletin is saamgestel deur George, ZS6NE, en gelees deur …… vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban- en 145,750 in die Pretoria en 145,800 MHz in die Sandtongebied te luister.

'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Die volgende net van die President van die SARL sal oor 'n week op Sondag 23 Februarie om 12;00 gehou word.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX